## Die Kwessie van Afrikanerskuld aan Apartheid

**P.H. Kapp (red.),** ***Die Suid-Afrikaanse Verlede en die Skuldvraagstuk. Verslag van 'n Simposium oor die Afrikaanse Geskiedskrywing en die Toewysing van Skuld***
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 2004
voorwoord + 64 pp
Geen ISBN-nommer
R50.00 (beperkte oplaag)

Die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hou sedert die vroeë negentigerjare 'n jaarlikse beraad oor 'n bepaalde historiese tema wat deur Afrikaanstalige historici vanoor die hele land bygewoon word. Vir die eerste keer het 'n publikasie uit hierdie beraad voortgevloei. Die voordragte van die beraad van Januarie 2001 het gehandel oor historici en die skuldvraagstuk. Hierdie voordragte, tesame met 'n samevatting van die bespreking, 'n inleiding en 'n slotbeskouing deur die redakteur, P.H. Kapp, emeritus-professor van die Universiteit van Stellenbosch, het onlangs in druk verskyn. Dit is ongetwyfeld veral te danke aan Kapp, destydse voorsitter van die Geskiedeniskommissie, dat hierdie werk die lig sien. Hoewel dit drie jaar geduur het voordat die werk gepubliseer is, is dit steeds aktueel en bied dit 'n interessante perspektief op die siening van Afrikaanse historici van die skuldvraagstuk aan die begin van die een-en-twintigste eeu. Hierdie onderwerp het juis, veral na aanleiding van die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie, 'n belangrike besprekingspunt onder Afrikaners geword.

By die beraad is twee hoofvoordragte gelewer, naamlik deur professore Johann Tempelhoff van die Noordwes-Universiteit (soos die Potchefstroomse Universiteit tans bekend staan) en Leopold Scholtz van die Universiteit van Stellenbosch en ook adjunk-redakteur van *Die Burger*. Professore Grietjie Verhoef van die Randse Afrikaanse Universiteit en Hermann Giliomee, tans verbonde aan die

Universiteit van Stellenbosch, asook doktor Phia Steyn (toe dosent aan die Universiteit van die Vrystaat) het kommentaar op die twee referate gelewer.

In Tempelhoff se stewige en goed gedokumenteerde bydrae (pp 1-21) word ’n hele aantal probleme rakende historici en die skuldvraagstuk bespreek. Hy het onder meer oor die ontwikkeling van die denke oor menseregte, pogings om menseregvergrype van die verlede te probeer vergeet (soos onder meer in Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog), prosesse van versoening en boetedoening in verskillende lande en die rol wat historici in sulke prosesse gespeel het, bespreek. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat dit noodsaaklik vir die gesonde ontwikkeling van ’n samelewing is dat die verlede nie verdring nie, maar toegeëien word. Historici kan volgens hom ’n belangrike rol speel om ’n tradisie van menseregte in ’n land te vestig, veral ten opsigte van die soeke na ’n manier waarop mense hulle met hulle verlede kan versoen. Scholtz se beskouing (pp 22-29) kom in baie opsigte met dié van Tempelhoff ooreen. Hy het die mening uitgespreek dat die boosheid van die apartheidstelsel tans dikwels oordryf word en dat Afrikaners nie skuldig is aan alles wat hulle ten laste gelê word nie. Tog is die oorgrote meerderheid Afrikaners volgens hom wel skuldig deurdat hulle vir die Nasionale Party gestem het of niks aktiefs gedoen het om die regering te probeer keer nie. Die Afrikaners is egter nie alleen skuldig nie; ook die ANC dra skuld deurdat dit insgelyks dade van geweld gepleeg het. Scholtz se gevolgtrekking lui dat Afrikaners nie hulle skuld moet probeer ontken nie, maar dit moet erken en daarmee in die reine kom – dan eers “kan hulle hul huidige kollektiewe depressie aflê en werklik iets vir die nuwe Suid-Afrika beteken” (p 29).

Verhoef het verklaar dat Scholtz se toekenning van kollektiewe skuld aan die Afrikaners ’n morele oordeel is waarby wetenskaplike historici nie betrokke kan wees nie. Meer navorsing moet volgens haar gedoen word oor die wortels en verdere ontwikkeling van die apartheidsbeleid, alvorens historici die verskillende aspekte daarvan behoorlik sal kan beoordeel. Giliomee het, soos Verhoef, die mening uitgespreek dat historici hulle veral daarmee moet besig hou om die faktore te verstaan wat gelei het tot die instelling van die apartheidsbeleid en tot die besondere wyse waarop dit ontplooi is. As ’n balansstaat van apartheid opgestel word, moet sowel positiewe as negatiewe aspekte bekyk word, sonder om apartheid egter te probeer regverdig. Steyn, daarenteen, het by Tempelhoff en Scholtz aangesluit en dit as ’n uitdaging vir Afrikaanse historici beskou “om die Suid-Afrikaanse verlede op so ’n wyse aan te spreek dat dit die Suid-Afrikaanse samelewing in staat stel om hul verlede te konfronteer en te verwerk”. As Afrikaners “hul kollektiewe geheueverlies” afskud, kan dit, volgens Steyn, hulle in staat stel om “met trots hulle regmatige plek binne die Suid-Afrikaanse samelewing in te neem” (p 43).

Uit die samevatting van die gesprek tydens die beraad blyk dit dat, ten spyte van konsensus oor verskeie sake, die twee teenoorgestelde standpunte wat uit die voordagte geblyk het, ook in die bespreking na vore gekom het. Aan die een kant is daarop gewys dat die “modegier om die verlede as ’n arsenaal vir magsposisionering en selfregverdiging of verdoeming van ander te gebruik, sal oorwaai” en dan moet “die dissipline nie geskend wees deur sy oorhaastige oordele en onrype uitsprake nie” (pp 47-48). Aan die ander kant was daar vermanings dat deur oor hierdie sake te swyg, historici daartoe sal bydra dat hulle vakgebied sy relevansie verloor.

In sy slotbeskouing (pp 50-64), wat naas Tempelhoff se hoofstuk, die omvattendste behandeling van die tema is, bied Kapp ’n sistematiese bespreking van die vernaamste probleme wat in die voordragte en die bespreking na vore gekom het en kom uiteindelik uit by ’n konklusie wat as ’n sintese tussen die twee vernaamste denkrigtinge onder die beraadgangers beskou kan word. Hy meen naamlik dat geskiedskrywing wat hom met die toewysing van skuld besig hou, die kiem van sy eie versmoring dra (p 60). Omgang met die geskiedenis moet aan Suid-Afrikaners die geleentheid bied om nie ’n skuldlas nie, maar die moontlikhede van “’n geestelike volwassenheid waaruit toleransie gebore word” vir hulleself toe te eien. Suid-Afrika het nog nie hierdie vlak van geestelike volwassenheid bereik nie; dit moet met ervaring en verdieping groei en historici kan ’n bydrae lewer om Suid-Afrikaners by hierdie punt te bring.

Deur die skuldvraagstuk en die rol van die historikus in dié verband vanuit verskillende hoeke te bekyk, word ’n verskeidenheid kernvraagstukke van die geskiedkunde aangeraak. Onderwerpe soos byvoorbeeld die historiese oordeel, die taak van die historikus in die samelewing en die verhouding tussen die geskiedkunde en dissiplines soos die regswetenskap kom dikwels in inleidende werke oor Geskiedenis as vakgebied aan die orde en is ook belangrike en gewilde temas vir seminare vir gevorderde Geskiedenisstudente. Die skrywers van hierdie publikasie toon oor die algemeen ’n wye belesenheid en ’n vertroudheid met die nuutste literatuur. Dit maak die werk uiters geskikte leesstof vir veral nagraadse Geskiedenisstudente. Deur te sien hoedat die hooftema telkens vanuit verskillende hoeke belig word, kan studente ’n dieper insig in die aard van Geskiedenis as dissipline en van wetenskaplike gesprekvoering verwerf. Ook vir nie-historici met ’n breë wetenskaplike agtergrond kan hierdie werk groter insig bring in die skuldvraagstuk en ander hedendaagse vraagstukke wat die geskiedkunde raak. Vir lesers met ’n meer beperkte wetenskaplike agtergrond, mag sommige van die bydraes moeilik lees en mag dit dalk lyk asof dieselfde sake verskeie kere herhaal word. Deur ’n enkele bydrae te lees, soos byvoorbeeld dié van Scholtz, wat baie eenvoudig en duidelik geskryf is, kan hulle insig in die vraagstuk van Afrikanerskuld en apartheid egter ook verruim word.

Die tegniese versorging en drukwerk is van goeie gehalte, maar daar is ongelukkig nie moeite gedoen om die boekie van ’n aantreklike buiteblad te voorsien nie – waarskynlik in ’n poging om die drukkoste laag te hou. Dit het ook in ’n beperkte oplaag van ’n honderd eksemplare verskyn. ’n Mens hoop nietemin dat belangstellendes hierdie werk by die Akademiekantoor (Privaatsak X11, Arcadia, 0007) sal bestel en dat sommige eksemplare hulle weg na universiteitsbiblioteke sal vind. Die kwessie van Afrikanerskuld aan apartheid sal heel moontlik nog in die komende jare ’n aktuele kwessie bly en daar het nog min werke hieroor verskyn wat ’n Afrikaanse perspektief bied. Dit is daarom waarskynlik een van die waardevolste publikasies wat die Suid-Afrikaanse Akademie in die afgelope jare uitgegee het.

Pieter de Klerk
Skool vir Basiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)